

# Bloed Verbond

## Die bloed Verbond

As jy die Skrif oopmaak op die eerste blaaie sal jy lees dat dit die ganse "heilige" Skrif is wat al die Kanonieke boeke bevat en dat dit 'n Testament is van die ou en nuwe geskrifte. So lees ons ook waar die nuwetestament begin: "Testament" (*wat Nuwe verbond moet wees*).

Kom ons kyk eerstens wat die betekenis is van 'Testament en Verbond'. 'n Testament is 'n eensydige kontrak waarvan die opsteller sy eiendom opdeel soos hy voel reg is. Die opsteller vra dus vir niemand oor hoe hy sy besittings gaan verdeel en aan wie hy dit gaan uitdeel nie. 'n Testament kom dus in werking wanneer die opsteller te sterwe kom.

'n Verbond aan die anderkant is waar twee of meer bymekaar kom en eenstemmigheid kry sodat daar 'n kontrak tussen die twee partye opgestel kan word. Die verbond kontrak is dus nie eensydig nie, maar 'n ooreenkoms tussen partye. Beide die partye moet saamstem waarvan daar 'n getuie moet wees om die ooreenkoms te bekragtig. So met die instem van partye sal die getuie se handtekening verskyn saam met die twee partye se handtekeninge op die kontrak. Enige verbond tree in werking wanneer al die partye se handtekeninge daarop is en bly dan in werking totdat een van die verbond opstellers afsterwe. Na 'n sterfte is die tweede party vry van daardie ooreenkoms en die kontrak is dan tot niet (*Vat die huwelik tussen man en vrou. As die man tot sterwe kom en daar was geen kinders in die huwelik nie is die vrou nou vry van die huweliksverbond en sy is vry om weer in die huwelik te tree*). 'n Verbond het m.a.w. voorwaardes waarvan 'n testament dit nie het nie. Verbond is eenstemmigheid waarvan 'n testament gewoonlik onenigheid veroorsaak.

Wat al die woorde vir ons tot dusvêr sê is dat ons deur ons hele Skrif (Bybel) die woord 'testament' kan doodkrap en dit vervang met 'verbond'.

Daar bestaan nie 'n 'testament' nie, maar wel 'n 'verbond' tussen ons en YHUH. Ons het 'n ou priester orde gehad waarvan Aäron (*Die Leviëte hoof*) in die Tabernakel diens gedoen het. Die nuwe priester orde wat ons tans besit gaan ons nou bespreek en so ook die nuwe verbond.

Die bloedverbond wat YHUH met Abraham en sy nageslag aangegaan het is beperk tot die uitverkiesing waarvan ons as Israëliëte deur YHUH se guns dit bekom het. Die verbond het sy bekragtiging gekry in die woord beriyyh / bereeth in Hebreeus (H1285) wat sny van vleis dat die bloed uitkom beteken. Dit kan ook wees: Sny vleis in twee stukke en beweeg deur die stukke.

Ons moet nie verwar raak tussen die verskillende verbonde wat ons in die Skrif vind nie. Daar is die verbond met Adam, die verbond met Noag, die verbond met Isak en Jakob, ens.

Die Abraham "mitiese" verbond wil ek graag aanraak en ook die volk sin. YHUH se verbond was met Abram, en dit was net tussen YHUH en Abram. (*Gen 17:2,5 En Ek wil My verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder. 5 Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies.*)

Die Sinaitieseverbond is waar YHUH met die volk 'n verbond oprig. (*Ex 19:5 As julle dan nou terdeë na My stem luister en My verbond hou, sal julle My eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is Myne. Ex 24:3,6-8 Toe Moses kom en aan die volk al die woorde van YHUH en al die verordeninge vertel, antwoord die hele volk met een stem en sê: Al die woorde wat YHUH gespreek het, sal ons doen. 6 En Moses het die helfte van die bloed geneem en dit in komme gegooi en die helfte van die bloed teen die altaar uitgegooi. 7 En hy het die boek van die verbond geneem en dit voor die ore van die volk gelees. En hulle het gesê: Alles wat YHUH gespreek het, sal ons doen en daarna luister. 8 Toe neem Moses die bloed en gooi dit uit op die volk en sê: Dit is die bloed van die verbond wat YHUH met julle gesluit het op grond van al hierdie woorde.* M.a.w. dit was 'n huwelikverbond.

Toe die volk die Sinaitieseverbond aanvaar was dit om YHUH te ontvang (*as Bruidegom*) en te aanvaar as Koning. Toe die volk die verbond oortree (*veelmaal*) het hulle YHUH verwerp as Koning.

Soos bo verduidelik, moet daar twee partye wees en 'n tussenganger as getuie. YHUH het aan Abraham gesê dat Hy by Homself sweer (*Gen 22:16 : Ek sweer by Myself, spreek YHUH Jes. 45:23 Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit My mond, 'n woord wat nie herroep word nie: dat voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer*) en daar 'n teken van herinnering aan die verbond moet wees (*Wat wel die besnydenis was soos bevestig in: Gen. 17:11 julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle*).

Die ou priesterorde het sy ontstaan en werking gekry nadat die volk dié verbond (*huwelik verbond*) ontvang en aanvaar het op die berg Sinai. Met die ooreenkoms was dit soos volg: Die volk het hardop geantwoord dat hulle die verbond aanvaar van YHUH.

YHUH stel vir Aäron as hoof aan wat Sy wet en verordeninge moet handhaaf (*Deur die Levitiese orde*). Nou sien ons YHUH en die Volk as die twee partye en Aäron met die Levitiese orde in die Tabernakel, waarvandaan die wet (*Verbond*) gehandhaaf en onderhou moes word. Die Tabernakel was daar vir vrede tussen YHUH en die volk en so ook vir orde. Die Tabernakel was ook 'n simbool van 'n fisiese liggaam waar daar voortdurende dood voorgekom het. M.a.w. die Tabernakel was 'n liggaam wat dood en lewe gesimboliseer het. Die bloed van slagoffer het gedurig gevloei vir die volk se wetsoortredinge.

Die bloed is die simbool van die dood, want as bloed gestort word gaan die lewe uit daardie liggaam saam met die bloed. Die lewe en die siel is in die bloed. Ons moet nie fout maak om te dink dat bloed dood of lewe is nie. Die bloed skenk 'n simboliseer van die dood, maar is wel die draer van die lewe. Al het bloed gevloei is die lewe nog steeds daarin teenwoordig (*Lev. 17:11 Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel*).

Met ons voorvaders se ongehoorsaamheid en hul hoerery (*soos in 'n huwelik*) is daar 'n skeibrief aan hulle gegee (*Jes. 50:1 So sê YHUUH: Waar is tog die skeibrief van julle moeder waarmee Ek haar verstoot het? Of wie is daar van My skuldeisers aan wie Ek julle verkoop het? Kyk, weens jul ongeregthede is julle verkoop, en weens jul oortredinge is julle moeder verstoot*). Die ou verbond is verbreek en tot niet verklaar deur YHUUH en Hy het ons verlaat as volk.

Bo het ek die beginsels van 'n verbond verduidelik nl: 'As een van die twee partye sterf dan is die verbond tot niet'. Abraham het wel gesterf, maar YHUUH het 'n voortdurende verbond met hom gesluit deurdat daar 'n besnyding aan die verbond gekoppel moet wees as teken sodat die verbond homself kan herhaal. Dus na Abraham se dood het dit staande gebly tot op YAHUSHA, want YAHUSHA was ook besny. Moses het na Abraham, Isak en Jakob (*op die berg Sinaï*) al dié voorvaderlike verordeninge ontvang, so ook die 10 Gebooie. Die huwelikswette met sy ordeninge word verbreek en YHUUH skei die volk weens hulle hoerery. *Jes. 50:1 So sê die-HERE YHUUH: Waar is tog die skeibrief van julle moeder waarmee Ek haar verstoot het?* In Mat 5:32 bevestig YHUUH as YAHUSHA :*Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeide vrou trou, pleeg egbreuk*. Weens hoerery mag YHUUH Abraham se nageslag skei! Eerstens as 'n geskeide volk staan ons nie meer onder die huwelik wette nie. Tweedens verval die besnydingsteken van Abraham, want die die verbond se wette is verbreek en die partye het daardeur van mekaar geskei.

Ons moet net een ding nooit vergeet nie en dit is om verwar te word met YHUUH se 10 gebooie en die wet en verordeninge van die huwelik van die volk nie! Die huwelikswet is weg, maar die gebooie se bestaan bevestig YAHUSHA baie maal (*Joh. 15:10 As julle My gebooie bewaar, sal julle in My liefde bly, net soos Ek die gebooie van My VADER bewaar en in Sy liefde bly*).

Baie wil nog aan die ou verbond vasklewe wat soos ons sien tot niet is. Hulle dink as hulle in die vlees sukses het, het hulle sukses in die gees ook, maar dit is die teenoorgestelde, want die vlees dryf hulle weg van die gees. Die vlees wat die wêreld simboliseer moet oorwin word sodat die nuwe verbond wat ons lees in die Skrif kan kom (*Jer. 31:31 Kyk, daar kom dae, spreek YHUUH, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit*).

Nou kom ons Trooster YAHUSHA en gee vir ons baie geheime deur dat ons dit kan verstaan. Hy wys vir ons as volk weer die ou verbond, maar met die verskil dat Hy nou die Middelaar sal wees met die nuwe (*Mat 5:17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul Mat 9:13 Maar gaan leer wat dit beteken: Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie; want Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering. Mat 10:34 Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard*). Simbolies is die Tabernakel 'n liggaam wat YAHUSHA se Liggaam voorstel. Kyk gerus na Open. 21:3 *En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die Tabernakel (YAHUSHA) van VADER is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal Sy volk wees; en VADER self sal by hulle wees as hulle VADER.*

In die tabernakel het daagliks verskillende bloed van offers gevloei vir verskillende redes, waarvan YHUH gesê het in *Jes. 1:11 Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke....* Slagoffer en spysoffer het nie 'n lossing van die dood gegee nie, maar wel die "Gesalfde YAHUSHA" ons Losser het die dood oorwin. YAHUSHA het eenmaal Sy bloed vir ons kom stort met 'n verskil. In die tabernakel het die priesters diens gedoen wat wet en orde gehandhaaf het. Daardie priesterorde het oorgeskuif na ons as mans (pa) as hoof en priester van ons huisgesinne.

Ons as die uitverkore volk gaan weer die tweede party word in die verbond wat voorlê saam met ons Skepper. YAHUSHA het kom vervul (vir *nuwe huwelik*), maar die wet, orde en reëls moet nog intree tot herstel deur VADER. Ons gaan dus weer onder die ou verbond se reëls val, maar met die verskil dat YAHUSHA in die tempel se plek is en dat VADER die tweede party sal wees (*Volk, Seun en VADER*). Onthou in die ou Sinaitiese verbond was die verbond met ons voorvaders gesluit deur YHUH, waarvan Hy nou die middelaar geword het as "SHA" (Losser) (*Joh. 14:6 YAHUSHA antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur My nie*).

YAHUSHA is die vlees en die bloed verbond. (*Joh. 6:56 Wie My vlees eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom. Mat 26:26... Neem, eet, dit is My liggaam. 26:27... Drink almal daaruit.26:28 Want dit is My bloed, die bloed van die nuwe Verbond, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes*). Hy noem ons nou vriende wat verkeerdelik vertaal is. Dit moet "verbond kneg" wees (G1401) of nog meer, want ons is die tweede party. (*Joh 15:15 Ek noem julle nie meer diensknegte nie, omdat die dienskneg nie weet wat sy heer doen nie. Maar Ek het julle vriende (verbondknegte) genoem, omdat Ek alles wat Ek van My VADER gehoor het, aan julle bekend maak het.*)

YHUH wil weer trou met die volk, daarom die bekentenis aan ons. 'n Dienskneg bedien tog sy heer wat aan tafel sit en ons as Israëliete sit saam met ons Koning aan tafel. Om af te sluit:

Die ou verbond wat ons nog gedeeltelik in is, is aan die verdwyn en die nuwe verbond wat aan die kom is gaan VADER met ons as Saksers / Israëliete aangaan, waarvan YHUH ( Dié *Seun van VADER*) die Tweede party sal wees. Die nuweverbond:

Dit sal bloedverbonde van ons voorvaders en hul tekens in hê; Dit sal die vervulling van alle bloed verbonde in hê; Dit sal deur bloed gereinig word of bevestig word (Lev. 14:14). Die teken wat sal intree tot verbondherinnering sal aan klein en groot wees. Die besnyding wat as voortdurend teken ingestel was het YAHUSHA eenmalig kom vervul. YAHUSHA het die ou verbonde "van bloed" eenmalig vervul en volbring aan die folterpaal (Joh.19:30). Ons moet onthou wat in Luk 10:16 staan: *Wie na julle luister, luister na My; en wie julle verwerp, verwerp My; en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het.* Simbolies drink ons die wyn en eet ons die brood wat die nuweverbond in plek stel van die oue. Sien dit ook as 'n "teken" (soos bo) wat ons ontvang het by YAHUSHA vir die nuweverbond wat vir ons voorlê.

YAHUSHA het gekom om vir ons eenmaal die geleentheid daar te stel om die 'geboorte van bo' te kan ontvang (Joh. 1:13; 3:3).

Om die geboorte van bo te kan ontvangs beteken die ontvangs van dié "Gees van VADER" Hoe werk dit? (1) Soek eers die koninkryk van VADER; *Matt. 6:33* (2) Erken daar is 'n VADER en SY Seun *Mark. 12:29* (3) Jy moet YHUH liefhê met jou hele hart, uit jou hele siel, uit jou hele verstand, en uit al jou krag *Mark. 12:30* (4) Jy moet jou naaste liefhê soos jouself (5) Doen die gebooie 1 Joh.3:24(5)As jy tekort het aan die boonste punte gaan versoen en kom tot Inkering, Bekering en die Doop (*moet nooit die fout maak en dink dat die waterdoop in die besnyding se plek gekom het nie*). *Matt. 5:24*

Die nuweverbond was geprofeteer in *Jer. 31:31* waarvan YAHUSHA dit bevestig het in *Matt. 26:28*. YAHUSHA het Sy "bloed" soos 'n offerlam kom stort sodat ons daardeur gereinig kan word *Open. 7:14*. (*Verstaan mooi, "gereinig" deur Sy bloed, maar die wat dit oor hulle gepleit het word aangekla deur Sy bloed dus het hulle 'n rooi kleeed aan*).

Die bloedverbond se voorafteken is die brood en die wyn en nie die besnyding nie! Geboorte van bo is slegs vir die wat YAHUSHA as die Reine Gees van VADER aansien en Hom te kan ontvang. Wanneer? "1000 Jaar van vrede" daarbenewens besny nou jou hart en nie jou vlees nie.

Ns.: Die liefde is maar net woorde totdat dit bewys word, sonder "doen" bly liefde 'n woord; daarom is YAHUSHA se Liggaam (*die Brood*) en bloed (*die Wyn*) net woorde totdat dit gebruik word. Liefde tot VADER is deur SY Seun. Om liefde te betoon is om die Gebooie te bewaar / onderhou.